## DIE ONSTERFLIKHEID VAN DIE MENSLIKE SIEL[1])

Daar is geen groter belediging, geen groter krenking vir die trotse mens denkbaar nie as die feit van die dood, die feit van sy groot nederlaag aan die end, wanneer hy moet ophou om te bestaan, wanneer die dood hom heeltemal vernietig. Die dood is die vreeslikste verskrikking wat daar is, en dit kan nie weg geredeneer word nie. Die spiritis wat homself en andere wil wysmaak dat daar geen dood is nie, is niks anders as 'n quaerulant wat aan 'n waandenkbeeld ly.

Die Heilige Skrif leer ons dat die dood die gevolg van die sonde is, en sonde is weer alles wat 'n breuk met God is, 'n wegbreking van Hom wat die Ewige is, die ware Lewe. Sonde is 'n negasie van lewe, en teenoor lewe staan dood. Nie alleen in die Ou Testament en met name in plekke soos Genesis 3 vers 3 word dit geleer nie, maar ook in die Nuwe Testament. So sê Paulus in Romeine 6 vers 23 dat die dood die loon, die betaling van die sonde is. Maar teenoor die dood staan die ewige lewe. Met die sondeval is die mens van hierdie ewige lewe beroof, maar onmiddellik het God dit weer aan die mens beloof en in die vooruitsig gestel toe Hy, soos ons in Genesis 3 vers 15 lees, 'n vyandskap tussen die mens en die sonde ingestel het, 'n vyandskap tussen die lewe en die dood, en toe Hy die belofte gegee het dat die mens in daardie stryd nie die onderspit sou delf nie, want uit die mensdom sal Hy gebore word wat oor die sonde, oor die dood sal triomfeer en die mens uit die mag van die duiwel sal verlos. Dit het gebeur en dit is die enige ware troos wat die mens het in lewe en in sterwe soos in die antwoord op die eerste vraag van die Heidelbergse Kategismus geleer word. Die gelowige behoort met liggaam en met siel sowel in die lewe as in die dood nie meer aan homself nie maar aan sy Verlosser. Die Verlosser het met sy menswording na sy eiendom gekom (Joh. 1 vers 11) om dit terug te verower uit die mag van die Bose wat dit as 'n usurpator wederregtelik hom toegeëien het. Christus sê dan ook in Johannes 6 vers 47 dat wie in Hom glo, d.w.s. wie in Hom ingewortel en ingeplant is, het die ewige lewe, besit die onsterflikheid. Die dood is die gevolg van die wegbreking van God, en die ewige lewe is die gevolg van die inplanting in Christus. Dit bewys ook dat die mens die onsterflikheid nie uit homself het nie, maar dat hy dit deur die inplanting in Christus as 'n genadegawe van God besit, Romeine 6 vers 23, want alleen God het die onsterflikheid uit homself, 1 Tim. 6 vers 16.

---

[1]) Openingstoespraak by die begin van die studiejaar voor die Teologiese Fakulteit, afd. A., gehou.

In ons tyd kom die dwaling weer na vore dat die mens nie die onsterflikheid as 'n werklikheid besit nie, maar alleen as 'n belofte van iets wat hy aan die einde van die dae sal kry. So sê dr. G. C. van Niftrik in sy boek **De Belijdenis Aller Eeuwen** (bls. 205: „Wie de wederopstanding des vleses belijdt, belijdt **niet** een leven na de dood, en belijdt **niet** een ziel, die als een soort vlinder van het graf wegfladdert en dan naar de hemel gaat om daar onsterfelijk voort te leven." En tog, die Christelike Kerk het in sy belydenis van alle eeue 'n lewe na die dood bely, maar nie die karikatuur wat dr. van Niftrik daarvan maak nie. Hy sal in die Kerklike belydenis van alle eeue tevergeefs soek na die gedagte van die siel wat soos 'n vlinder van die graf na die hemel vlieg om daar onsterflik te wees. Net so foutief is sy bewering „de opstanding des vleses belijden betekent zijn voleinding in God te belijden, en dat niet op grond van het feit, dat ik een onsterfelijke ziel heb — want ik heb **niets**, dat in zichzelf onsterfelijk is—". Dit is net so 'n karikatuur as die vlinder-voorstelling: die Kerk het in sy belydenis van alle eeue altyd die onsterflikheid van die siel geleer, maar **nooit** dat die mens hierdie onsterflikheid uit homself het nie, net so min as wat dr. Van Niftrik sy aardse lewe uit homself het.

Soms beweer mense wat die onsterflikheid van die siel loën, ook dat die Christelike Kerk hierdie leer van die Grieke en met name van Plato sou oorgeneem het. Maar dan verloor hulle twee dinge uit die oog, in die eerste plek dat die Platoniese sowel as die Neoplatoniese konsepsie van die onsterflikheid radikaal verskil met die belydenis van die Kerk van alle eeue ; en in die tweede plek dat dit nie net die Grieke was wat 'n onsterflikheidsgeloof gehad het nie, maar dat volgens die getuienisse van die meeste en die beste beoefenaars van die godsdienste die geloof aan die onsterflikheid by alle volke voorkom en 'n bestanddeel ook van die laagste en primitiefste godsdienste is. Die spiritisme waarteen in die Ou Testament gewaarsku word, was die heidense voorstelling van die onsterflikheid ; en mens sou tog nie daar aan dink om te wil beweer dat die vrou van Endor onder die invloed van die Griekse wysbegeerte sou gestaan het nie !

Ons lê die stelling hier neer dat die geloof aan die onsterflikheid van die siel bybels is, en deur die Christelike Kerk van alle eeue bely is, en ons wil dit aantoon uit die Skrif en uit die belydenis van die Kerk van alle eeue.

Teenoor die lewe staan die dood, en eers deur die lewe word die geheimenisse van die dood verstaan. God het die mens uit die stof van die aarde geformeer, en daarna het Hy in die mens se neusgate die adem van die lewe geblaas, sodat die mens tot 'n lewende siel geword het, Gen. 2 vers 7. By die diere het God dit nie gedoen nie.

Die liggaam van die mens is van 'n materie gemaak wat uit die aarde geneem is, maar sy siel is egter nie van 'n materie uit die aarde gemaak nie, maar onmiddellik deur God geskape. In Gen. 3 vers 19 sê God dat die mens ten gevolge van die sonde na die dood weer na die aarde sal **terugkeer** waaruit hy geneem is. Maar die siel is nie uit die aarde geneem, en keer dus ook nie terug na die aarde nie. En daarom staan dit in Pred. 12 : 7 dat met die dood die stof, d.i. die liggaam, na die aarde **terugkeer** soos dit gewees het, en dat die gees na God **terugkeer** wat dit gegee het. **Terugkeer**, dus na die plek waar dit vandaan kom.

Die dood is die gewelddadige skeiding van liggaam en siel. Dit is 'n oordeel en daarom iets verskrikliks. Die liggaam en die siel behoort bymekaar en die liggaam is nie 'n kerker waarin die siel vir sy straf gevange gehou word nie. Dit is die Griekse gedagte, en die Kerk het ooreenkomstig die Skrif altyd juis die teenoorgestelde bely. Die liggaam is die voertuig van die siel en verrig deur die sintuie die bevele van die siel. Die siel is dan ook die vernaamste deel van die mens, en maak die mens tot 'n lewende wese, 'n persoonlikheid wat die een mens van die ander onderskei. En dit is hierdeur waarom die mens genoem moet word as geskape na die beeld van God. God is die Heer oor alles en Hy het die heerskappy oor die aarde en oor die skepsels van die aarde aan die mens oorgedra, aan die beelddraer van God, soos dit in Genesis 1 vers 26, 27 en 28 so duidelik gesê word: „En God het gesê : Laat Ons mense maak na ons beeld, en na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

„En God het die mens geskape na sy beeld na die beeld van God het Hy hom geskape ; man en vrou het Hy hulle geskape.

„En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê : Wees vrugbaar en vermenigvuldig en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip".

Die mens, ook die gevalle mens, is en bly die beelddraer van God, en hieruit vloei sy heerskappy oor Gods skepping op aarde voort, en sy verantwoordelikheid, want die mens moet ook rekenskap aflê **hoe** hy oor Gods skepping geregeer het. As ons sou loën dat die mens nog beelddraer Gods is, dan loën ons die heerserskap van die mens, en sy verantwoordelikheid, en dan moet ons daardie ou Wederdopers gelyk gee wat alle owerheid verwerp het. En daarom word in Genesis 9 vers 6 gesê : „Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur mense vergiet word, want God het die mens na sy beeld gemaak".

Lewe is samebinding wat deur Gods gedagte saamgebind behoort te wees, en dood is ontbinding van die lewensbande wat God in die natuur gelê het. Voor die sondeval was Adam met sy siel aan God verbind en het hy met God gelewe, en **dit** was die eintlike lewe. Daar was dus 'n band tussen siel en liggaam, 'n band wat die hele bestaan van die menslike liggaam in al sy dele saambind, dit was die natuurlike lewe. Deur die sonde is die band wat die siel aan God verbind, deurgesny, en dit was die eintlike dood. En as gevolg hiervan het die natuurlike dood gekom wat liggaam en siel van mekaar skei en wat elke band waarmee die liggaamlike saamgebind word, losmaak. Die dood is dus nie 'n vernietiging van bestaan nie, maar 'n skeiding tussen God en mens, tussen siel en liggaam, tussen alles wat in die liggaam saam verbind is. Lewe is nie alleen bestaan nie, maar dit is bestaan in die gemeenskap van God, 'n gedrae-wees deur die krag Gods. Dood is ook bestaan, maar bestaan buite die gemeenskap van God, gedruk deur die vloek van God. Die dood bring geen vernietiging nie, maar ontbinding op elke gebied waar die lewe harmonies saamgebind is, en sny alle natuurlike lewensverhoudings af en verbreek alle harmonie en voer weer na die chaos toe die aarde woes en leeg was.

Baie heidene en ketters het gemeen dat by die dood met die skeiding van siel en liggaam die siel in 'n toestand van slaap geraak wat tot die dag van die opstanding sal duur. Hierdie psychopannychie of leer van die sieleslaap is later deur die Sociniane, wederdopers en Irvingiane voorgestaan. Dit was op wysgerige gronde waardeur die mense tot hierdie leer van die sieleslaap gekom het, want hulle het wel aan die onsterflikheid van die siel geglo, maar kon dit nie sonder die band met die liggaam voorstel nie. Die mens is ook, wat die intellektuele lewe aanbetref, aan die liggaam gebind, want ook die liggaam behoort tot die wese van die mens, en met wysgerige kenne kan ons nie 'n voorstelling van 'n siel sonder liggaam maak nie. Dan word 'n vergelyking gemaak met die toestand van die siel as die liggaam slaap. Die slaap bring 'n groot verandeding in die bewussynslewe van die mens want die kenvermoë en die begeertevermoë staak hulle werksaamhede dan. En, so word geredeneer, hoeveel te meer moet dit dan nie die geval wees nie as by die intrede van die dood die band tussen siel en liggaam heeltemal losgemaak word. Die aanhangers van hierdie leer wil dit dan uit die Heilige Skrif bewys waar die dood dikwels met die slaap vergelyk word en 'n slaap genoem word. Maar op die onjuiste hiervan sal teruggekom word by die behandeling van die vraag na die onsterflikheid van die siel, waar ook die vraag behandel word of die siel na die dood en voor die opstanding in 'n bewuste toestand verkeer.

Die Heilige Skrif leer dat God alleen onsterflikheid het (1 Tim 6 : 16) en dat Hy as die Almagtige die mens ook as 'n onsterflike wese geskape het, Gen. 2 : 7 ; die mens is uit die aarde geformeer, Gen. 3 : 19, maar die lewe het God in sy neusgate geblaas, wat Hy by die diere nie gedoen het nie. Dit is beslis onjuis om te beweer dat daar in die Ou Testament geen gedagte voorkom nie van 'n voortbestaan van die lewe na die dood, want dan sou dit bv. sinloos gewees het dat Saul na die waarsegster van Endor gegaan het en gevra het dat sy Samuel moes oproep. In Jesaja 8 vers 19 maak die profeet beswaar dat die mense die dodes ten behoewe van die lewendes raadpleeg en dit was sy verset teen die spiritisme van daardie dae.

Dit word nie ontken dat die afgestorwenes in een of ander vorm bly voortbestaan nie, maar dit word verbied om kontak met hulle te soek. Die raadpleging van die dodes word veroordeel, maar nie die geloof dat die dodes leef nie. Daar word 'n passiewe voortbestaan in die she'ol geleer, dus 'n kontinuïteit. Dit is fout om te sê dat die mense van die Ou Verbond nie aan 'n onsterflikheid van die siel geglo het nie omdat hulle wat nog nie volle openbaring in Jesus Christus gehad het nie ook nie die geloof aan die onsterflikheid in die Nuwe Testamentiese lig kon sien nie. In Psalm 49 sê die Psalmis dat die lot van hulle wat op homself vertrou, gelyk is aan die van die beeste wat vergaan en dat hulle soos diere sterf. Maar die lewe van die opregte word deur God uit die doderyk verlos. In Psalm 73 vers 23-26 spreek die Psalmis dit uit dat hy gedurig by God sal wees, dat God hom deur sy raad sal lei en daarna in heerlikheid sal opneem. As sy vlees en hart beswyk bly God sy hart se rots tot in ewigheid. In Job 19 vers 25-27 kom die hoop van die onsterflikheid na vore, al is die teks ook baie geskonde. In Prediker 12 vers 1 tot 6, word die gestadige dood van die mens beskryf, en in vers 7 lui dit dat die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.

Ieder boek van die Apokriewe en van die pseudo-epigrafiese letterkunde is vol van 'n geloof van die voortbestaan van die siel. In Daniel 12 vers 2 word gesê dat baie van hulle wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot ewige lewe, ander tot ewige afgrysing.

In die Nuwe Testament word dit nog duideliker uitgespreek. Jesus self het verskillende uitsprake gegee. In Matth. 10 vers 28 waarsku Hy om nie bevrees te wees vir hulle wat wel die liggaam doodmaak maar die siel nie kan doodmaak nie, maar vir Hom bevrees te wees wat die siel en die liggaam altwee kan doodmaak. In Markus 9 vers 48 wys Hy op die ewige straf waar die worm van die lyer nie sterf nie en die vuur nie uitgeblus word nie. In Lukas

16 vers 22-31 is Jesus in die gelykenis van die ryke man en die arme Lasarus nog duideliker : Lasarus geniet die ewige lewe in Abraham se skoot en die ryk man is in die hel ; maar dit is nie aan die einde van hierdie bedeling nie, maar nou al terwyl die ryk man se broers nog op die aarde lewe. Jesus leer hier dus 'n onsterflikheid wat die gelowige onmiddellik na sy dood ontvang, en dus geen sieleslaap nie. Net so in Lukas 20 vers 37 en 38 waar Jesus duidelik sê dat die dode opgewek word en as bewys haal Hy die woorde van die Heer aan tot Moses by die braambos waar Hy sê dat God Homself die God van Abraham, Isak en Jasob noem, en Hy is nie 'n God van die dooies nie maar van die lewendes want hulle leef alger vir Hom, m.a.w. Abraham, Isak en Jasob leef by Hom. En as Jesus Maria troos dat haar broer Lasarus sal opstaan, antwoord sy dat sy weet dat hy op die jongste dag sal opstaan, dan help Jesus haar reg deur te sê dat ieder wat in Hom glo glad nie sal sterf nie. En aan die kruis sê Hy aan die moordenaar „vandag" nog sal jy met my in die paradys wees, dus nie eers op die jongste dag nie.

Jesus was waaragtig mens en toe Apollinarus van Laodicea in die vierde eeu hierdie waaragtige mensheid tekort gedoen het deur te leer dat Jesus wel 'n menslike liggaam en 'n menslike siel gehad het maar dat die Logos die plek van die menslike gees ingeneem het, het die Kerk dit beslis veroordeel. Jesus was waaragtig mens, en aan die kruis het Hy as mens gesterf. En as die menslike siel of gees nie onsterflik is nie, was dit ook die geval met sy siel of gees, en het die woord „Vader in U hande beveel ek my gees," geen sin gehad nie, en dan is 'n verdere worsteling met die mag van die Bose tydens sy nederdaling ter helle ook uitgesluit.

Nie alleen by Jesus vind ons hierdie besliste uitsprake nie, maar ook op ander plekke in die Nuwe Testament. In Handelinge 7 vers 58 tot 60 lees ons van die steniging van Stephanus. Hy het uitgeroep : Here Jesus, ontvang my gees ! Hierdie woorde sou sinloos wees as sy gees of siel met die liggaam sou gesterf het. In hierdie woorde spreek die geloof van Stephanus, dat hulle wel sy liggaam kon doodmaak, maar nie sy siel nie.

By Paulus vind ons dieselfde geloof. In sy tweede brief aan die gemeente van Korinthe druk hy in die vyfde hoofstuk sy verlange uit om sy verblyf in die liggaam te verlaat en sy intrek by die Heer te neem; 'n sterker bewys dat Paulus die onsterflikheid van die siel geleer het, is nie nodig nie, maar tog wys ons op 'n paar ander plekke soos op Fillippense 1 vers 23 en 24 waar hy dieselfde verlange uitspreek om heen te gaan en met Christus te wees, wat die beste is, maar terwille van die gemeente is dit nodiger om nog in die vlees te bly. Dus duidelik : as hy die vlees, dit is die liggaam verlaat, dan gaan hy na Christus, sy siel sterf dus nie met sy vlees nie. In

Romeine 8 vers 38 en 39 roep hy dan ook triomfantelik uit dat niks hom kan skei van die liefde van God nie wat daar in Christus Jesus is, en daarom roep hy in 1 Kor. 15 vers 35 uitdagend uit „dood waar is jou oorwinning — dood waar is jou angel ?" In 1 Johannes 3 vers 15 lees ons dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie. As die siel sterflik is, behoef mens nie 'n moordenaar te wees om die ewige lewe nie as iets blywends in hom te hê nie, want dan het niemand dit as iets blywends in hom nie. In Openbaring 6 vers 9 en 10 word aan Johannes die siele getoon van hulle wat terwille van hulle getuienis doodgemaak is. Die siele roep met harde stemme dat God hulle tog moet wreek. Dus die siele leef en het nie met die liggame gesterf nie. In Openbaring 7 vers 9 tot 17 sien Johannes 'n groot menigte wat uit allerhande volke afkomstig is, hulle wat voor die troon van die Lam staan as die verlostes, met wit klere bekleed en met palmtakke in die hand, en hulle roep met harde stemme: „Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam." Hulle het uit die groot verdrukking gekom, en hulle leef voor Gods troon en het dus nie met die dood van die liggame ook gesterf nie.

Ons kan dan ook nie anders sê nie as dat iedereen wat die onsterflikheid van die siel loën, met die Heilige Skrif en met Christus self in stryd is. En daarom het die Kerk van alle eeue aan die geloof aan die onsterflikheid vasgehou en dit bely. In die Apostoliese Geloofsbelydenis word die geloof aan die wederopstanding van die vlees bely, **carnis resurrectionem**, die vlees, die stoflike liggaam, want caro, vlees, het nooit die betekenis van siel of gees nie. Hier word selfs nie eers gedink aan 'n wederopstanding van die siel nie, want die sterflikheid van die siel is nooit geleer nie. Die onsterflikheid van die siel word nie in die Griekse sin geleer nie. Inteendeel, die Griekse beskouing dat ons stof, en in hierdie geval, die stoflike liggaam uit die bose is en dat die onsterflike siel daarin as 'n soort gevangenis verkeer, word juis uitgestoot. Die Gnostiek wou 'n sintese gee tussen die Griekse en die Christelik opvatting deur te leer dat God nie die stoflike wêreld geskape het nie, maar dat dit gedoen is deur 'n hoër wese, die demiurg wat 'n teenstander van God was, want sonde spruit uit die stoflike wêreld. Nee, die Apostoliese Geloofsbelydenis begin met die credo dat God die Almagtige Vader die stoflike wêreld geskape het. Hy het dit goed geskape, en die sonde het van buite af daarin gedring. Ook die stoflike wêreld sal eenmaal gereinig word, daarom sê Petrus, verlang ons na 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarop geregtigheid woon, en dan kry die siel 'n gereinigde gelouterde heilige liggaam, dit is die opstanding van die vlees.

Die Kerk het aan die leer van die onsterflikheid van die siel in alle eeue vasgehou, en gepraat van die strydende en die triom-

ferende Kerk, die strydende Kerk is die Kerk hier op aarde waarin die koring en die kaf deurmekaar is, die skape en die bokke nie geskei is nie, en die triumferende Kerk, die Kerk in die hemel wat uit enkel verlostes, gesaligdes bestaan. As die siel sterflik is kan daar ook nie nou al 'n triumferende Kerk wees nie, en dan is God 'n God van dooies. En die onderskeid wat gemaak is tussen die strydende en triumferende Kerk bewys ook hoe die Kerk steeds die geloof aan die onsterflikheid van die siel vasghou het.

In die Roomse en Lutherse konfessies word die leer van die onsterflikheid nie so benadruk as in die Hervormde konfessies nie. Dit is omdat dit veral die Hervormde Kerk was wat deur die Wederdopers bedreig is en wat dus ook die wederdoperse leer dat die siel met die liggaam in die vorm van 'n sieleslaap tot op die opstanding sonder enige bewustheid is, moes bestry.

In die Skotse konfessie — 1560 — word in art. 17 bely: „Die afgestorwene wedergeborenes verkeer in vrede en rus van hul arbeid. Nie dat hul slaap en in 'n bepaalde vergetelheid geraak het nie, soos sommige fanatieke dwepers beweer maar dat hul verlos is van alle vrees en marteling, en alle versoeking waaraan hy en al Gods uitverkorenes in hierdie lewe aan onderworpe is en daarom die naam Strydende Kerk dra."

In die Ned. Gel. Belydenis — 1561 — artikel 37, lui dit: „almal wat gesterf het, sal uit die aarde opstaan, die siel saamgevoeg en verenig met sy eie liggaam waarin hy geleef het." Die opstanding is dus 'n opstanding van die liggaam uit die aarde, en die siel wat nie gesterf het nie, word daarmee saamgevoeg. Die Heidelbergse Kategismus — 1563 — noem in die antwoord op vraag 57 as een van die vertroostings wat die belydenis van die wederopstanding van die vlees ons gee „dat my siel ná hierdie lewe terstond tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word.

Die Tweede Helvetiese Konfessie—1566—bely in hoofstuk VII: „Ons sê ook dat die mens uit twee en dit verskillende substansies in een persoon bestaan; 'n onsterflike siel (wat as dit van sy liggaam geskei is nie slaap of sterf nie), en 'n sterflike liggaam wat nieteenstaande tog met die laaste oordeel weer opgewek sal word uit die dood, sodat daarvandaan die hele mens vir altyd mag voortgaan in lewe of in dood." En in hoofstuk XXVI: „Want ons gelo dat dit gelowiges, na die liggaamlike dood, dadelik na Christus gaan."

Die Ierse Konfessie — 1615 — bely in paragraaf 101: „Nadat hierdie lewe geëindig het word die siele van Gods kinders dadelik in die hemel ontvang, om daar onuitspreeklike vertroosting te kry; die siele van die goddelose word in die hel gewerp om daar eindelose martelinge te ondergaan."

In die Westminsterse Konfessie — 1647 — hoofstuk 22 is die belydenis: „Die liggame van die mens keer na die dood terug tot

stof en sien bederf ; maar hulle siele (wat nie sterf nie en nie slaap nie), wat 'n onsterflike bestaan het, keer onmiddellik tot God terug wat dit gegee het."

Waar ons tot dusver geluister het na die uitsprake van die Heilige Skrif en van die Belydenisskrifte van die Kerk, wil ons ons nou wend tot die Kerkboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat volgens omskrywing in die nuwe kerkwet bestaan uit die Belydenisskrifte en die Kort Begrip, die Liturgiese Geskrifte en die Kerkwet, die Psalms en Gesangboek. In die tweede gebed vir krankes en aangevogtenes kom hierdie woorde voor : „ Ons wil graag hierdie swakke vlees verlaat in die hoop van die salige opstanding, wanneer dit veel heerliker aan ons terug gegee word." Dus, die kranke word in die mond gelê om voor God te betuig dat die siel graag die swakke vlees wil verlaat, om dit eendag met die opstanding heerliker van God terug te ontvang. Die liggaam sterf dus alleen.

In Gesang 3 vers 2 sing die gemeente :

> U Kerk bly u Naam daarbo en hier benede,
> in stryd en seëpraal, met smeek en dankgebede.

Dus, hier word bely dat daar 'n eenheid is tussen die strydende Kerk op aarde en die triomferende in die hemel. Maar as die siele ook sterf dan kan daar geen triomferende Kerk tegelyktydig met die strydende Kerk bestaan nie.

In Gesang 12 vers 3 word in die woorde :

> Gedenk, o siel, die ander lewe,
> jou toegewese erfenis,

die onsterflikheid van die siel duidelik bely.

Laat ons nog vier Gesangverse aanhaal :

Gesang 49 vers 1 :

> U hoor in hemelinge
> Verloste sterwelinge —
> O neem dit aan !

Gesang 4 vers 4 :

> Dreig daar dan nog gevare,
> wag daar nog 'n kruis —
> wellig slegs enk'le jare,
> en ons is ewig tuis !
> Dan eindig alle stryd
> en sal ons al te gader
> die huis van onse Vader
> betree — o saligheid !

Gesang 184 vers 3 :

En sterf ek, sterf ek in die Heer
U self het my die lewe weer
Verwerf deur u versoening.

Gesang 186 vers 4 :

Heiliges van vroeër jare
het ook eens gedra hul kruis,
Nou toef hul met eng'leskare
Salig in die Vaderhuis ;
juigend sal ek met hul wag
tot die groot verrysingsdag.

Ons eindig met die woorde van dr. G. Oorthuys in sy **De Eeuwige Jeugd van Heidelberg, die Heidelbergsche Cathechismus voor onzen tijd :** „Geen wonder dat bij zoo duidelijke getuigenissen de gemeente zich den troost niet rooven laat van de eeuwige zaligheid terstond na het sterven."

S. P. ENGELBRECHT.